SA Akademie vir Wetenskap en Kuns
Privaatsak X11, Arcadia, 0007
Tel. 086 133 3786; Faks 012 001 8787
www.akademie.co.za

SA Onderwysersunie (SAOU)
Posbus 90120, Garsfontein, 0042
Tel. 012-436-0900; Faks 012-348-9658
www.saou.co.za

5 Maart 2019

AAN DIE HOOF EN VAKHOOFDE: WISKUNDE EN WETENSKAP

Geagte Hoof en Vakhoofde

WISKUNDE-IN-AKSIE
en
WETENSKAP-IN-AKSIE

Aangebied deur die *SA Akademie vir Wetenskap en Kuns* (SAAWK)
in samewerking met die
***Suid-Afrikaanse Onderwysersunie* (SAOU)**

Bogenoemde twee projekte word weer in 2019 nasionaal aangebied. Hiermee die uitnodiging aan alle primêre skole om leerders op hierdie wyse aanvullende akademiese blootstelling te gee.

Ons versoek vriendelik dat die toetsdatums nou reeds aangeteken word: Wiskunde-vraestel op Maandag 5 Augustus 2019 en die Wetenskap-vraestel op Dinsdag 6 Augustus 2019.

Die hoofdoel is om in 2019 aan die leerders in graad 6 en graad 7 'n geleentheid te bied om in Wiskunde sowel as in Wetenskap aan die projek deel te neem. Dit bied ook aan die onderwysers die geleentheid om die inhoud van vorige jare se vraestelle in hul onderrig te benut en so ook probleemoplossend met die leerstof om te gaan. Kontak die Akademie se tuisblad by www.akademie.co.za vir vorige vraestelle.

Prof Marthie van der Walt van NWU (Eksaminator) het didaktiese riglyne met leiding in verband met probleemoplossing in Wiskunde saamgestel. Ons stuur dit graag aan skole wat in 2018 deelgeneem het.

Daar is baie groot waardering vir die leiding wat u as skoolhoof geneem het en vir die betrokkenheid van al die skole wat deelgeneem het. Die skakel na die verslag van die afgelope jaar se aktiwiteite word hier aangedui:
http://www.akademie.ussdmobile.co.za/Verslag_Wi_We_2018.pdf

Ons vertrou dat u skool vanjaar weer, of vir die eerste keer, sal inskryf en bring graag die reëlings onder u aandag:

- Die **Wiskunde-in-Aksie** en **Wetenskap-in-Aksie** vir 2019 vind nasionaal plaas.
- Die leerders skryf die Wiskunde-vraestel op Maandag 5 Augustus 2019 en die Wetenskap-vraestel op Dinsdag 6 Augustus 2019 by hulle eie skool.
- Die 30 leerders wat die beste in Wiskunde en/of Wetenskap in elke streek gevaar het, word daarna na 'n verrykende Pretdag genooi.
- Die Pretdae vind gedurende **September en Oktober 2019** in die verskillende streke plaas: Pretoria (UP); Johannesburg (UJ); Potchefstroom (NWU); Bloemfontein (UV); Stellenbosch (US), Wes-Kaapland (UWK); Wellington (KPUT) en Port Elizabeth (NMU). Meer inligting hieroor sal later verskaf word.
- Geldpryse vir Wiskunde en Wetenskap afsonderlik:
  1ste plek: R750; **2de plek:** R500; **3de plek:** R250 en ’n R200-merieteprys vir die beste presteerder in Graad 6 in elke streek.

INSKRYWINGS

(1) Alle graad 6- en graad 7-leerders word genooi om deel te neem.
(2) Deelnemers skryf dieselfde vraestelle waarvoor géén voorbereiding nodig is nie en ontvang 'n sertifikaat van deelname.
(3) Inskrywingsgeld beloop **R50 vir die Wiskunde-in-Aksie en R50 vir die Wetenskap-in-Aksie** per leerder.
(4) Die leerders skryf die vraestelle by hul skool op die volgende dae:
Wiskunde op Maandag 5 Augustus 2019 van 14:00-15:15
Wetenskap op Dinsdag 6 Augustus 2019 van 14:00-15:15
(5) Die vraestel bestaan uit 40 vrae met meervoudige keusevrae en twee of drie ‘oop’ vrae om tussen die uitblinkers te onderskei.
(6) Inskrywingsvorms vir Wiskunde sowel as Wetenskap word graag vir gebruik aangeheg. Inligting in verband met die elektroniese registrasie word binnekort voorsien.
(7) Die eenmalige inbetalingsbewys van al die leerders moet aan die Akademiekantoor per e-pos gestuur word na akademie@akademie.co.za of na nellie@akademie.co.za of faks na 012-329-0293 om ons te bereik nie later nie as **Vrydag 14 Junie 2019**.

Meer inligting volg later.

Die volgende belangrike datums word vir kennisname deurgegee:

Vrydag 14 Junie 2019	Sluitingsdatum vir inskrywing en betaling van inskrywingsgeld
Woensdag 24 Julie 2019	Die vraestelle asook die antwoordblaaie word na die onderskeie skole gestuur
Maandag 5 Augustus Dinsdag 6 Augustus 2019	Die vraestelle word onder toesig by die onderskeie skole geskryf
Woensdag 7 Augustus 2019	Die antwoordblaaie word deur die sentrumhoof aan die Akademiekantoor terugbesorg – per koerier soos gereël deur die SA Akademie
Maandag 26 Augustus 2019	Uitslae word aan skole gestuur en die uitnodigings na die Pretdae word aan die ouers deurgegee
September en Oktober 2019	Pretdae (vir top 30 Wiskunde- en Wetenskapleerders in elke streek) by verskillende sentra.

Belangrike inligting:

- Geen voorbereiding is nodig nie.
- Die toetse word binne een en 'n kwart (1¼) uur voltooi.
- Die vraestel sal bestaan uit meervoudige keusevrae met minstens 4 afleiers.
- Kort 'oop' vrae **moet** ook deur leerders beantwoord word.
- Instruksies sal aan die toesighouer asook leerders op die toetsdag deurgegee word.
- Gebruik van sakrekenaars in geval van Wiskunde sal toegelaat word.

Die SA Akademie se bankbesonderhede is soos volg:
Rekeninghouer: S.A. Akademie vir Wetenskap en Kuns – **BTW reg. no.**: 4910124256
ABSA, Brooklyn - Rek. no.: 610 810 004
Takkode: 632 005 – Tjekrekening
Verwysing: *WiWe* en *u skool se naam* – bv.: WiWe Wonderboom

Ons vertrou dat u skool sal deelneem en sien met verwagting uit na u terugvoering.

Navrae kan gerig word aan Nellie Engelbrecht by nellie@akademie.co.za of tel. 086-133-3786.

Vriendelike groete

.....
MNR. HENNIE DE WET
ORGANISEERDER

.....
Dr. DIONē PRINSLOO
HUB: SA AKAKDEMIE

.....
CHRIS KLOPPER
CEO: *SAOU*